
# GELOOF In Die Woord



# FAITH In The Word

**Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17**



**POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411**

**WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com**


# UIT DIE OORVLOED VAN DIE HART PRAAT DIE MOND. Matt. 12:34

Toe God die hemele en die Aarde geskape het, het Hy hulle tot bestaan gespreek. Dit was deur die krag van Sy Woord dat alle dinge geskape is. **Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van Sy mond hulle hele leër (Ps. 33:6).** Toe Hy egter die mens gemaak het, het Hy hom met Sy eie Hande uit die stof van die Aarde gemaak en Sy Asem van lewe in hom geblaas, en het hy 'n lewende siel geword. Ons lees in **Gen. 1:26 : En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis: -** en deel van na Sy "gelykenis" maak, is dat God die mens geskape het met die vermoë om te praat. Dus was die mens toevertrou met die vermoë om te praat, die Here het aan hom die gesag en vermoë gegee om lewe voort te spreek.Onthou dat dit deur God se Woord was dat die hele skepping tot bestaan gebring is. **Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie (Heb. 11:3).**

Wanneer ons die krag van spraak in ag neem, wat aan ons gegee is, behoort ons regtig onsself te ondersoek omdat ons besef dat dit gebruik kan word om, volgens ons keuse, of lewe of dood voort te bring.

**Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet (Spr. 18:21).** Hierdie skrif leer ons dat ons in werklikheid die woorde wat ons spreek eet! Dink vir 'n oomblik hieroor! Wie by hul volle verstand sal die gif wat met sekere tye uit ons monde voortkom, wil eet? Die Woord leer ons duidelik dat daar 'n vrug van die tong is. En ons eet wat ons met ons tong produseer. Die soort vrug wat ons tong voortbring voed ons onsself mee. "Dood of lewe!" Daar is 'n VRUG van die tong en jy eet dit! Wat jy met jou mond sê, sal jou of besoedel of jou voed met lewe en krag. **Spr. 18:20: Van die vrug van iemand se mond word sy maag versadig; hy word versadig van die opbrings van sy lippe**.

Jesus het ons geleer aangaande die voortbring van "goeie" vrugte of "slegte" vrugte, toe Hy gepraat het van hoe om 'n "goeie" boom van 'n "slegte" boom te onderskei, en ons lees dit in **Matt. 12 :33-37: Julle moet òf die boom goed maak en sy vrugte goed, òf julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken. Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn. Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.** Jesus het verduidelik dat die HART die BOOM is en jou mond is die VRUG van die boom. Wat uit jou mond kom is 'n aanduiding van wat in jou hart is.

Eenvoudig gestel, 'n bose hart bring boosheid voort en 'n goeie hart sal die goeie voortbring, dus, uiteindelik word die bestemming van ons siel deur ons woorde bepaal. Die Bybel leer dat ons rekenskap sal gee van elke ydel woord wat ons spreek. Selfs as jy sê dat jy nie werklik bedoel het wat jy gesê het nie, sal jy steeds verantwoordelik daarvoor wees as jy nie bely en die Here om vergifnis vra omdat jy dit gesê het nie. Die Here sal jou vergewe as jy jou sonde erken en bely. Woorde word dikwels oorhaastig gespreek, en ons moet leer om te dink voor ons spreek. Moenie praat voordat jy dit nie oordink het nie. **Spr. 29:20: Het jy 'n man gesien wat haastig is in sy woorde? Vir 'n dwaas is daar meer hoop as vir hom.** Daar is meer hoop vir 'n dwaas! Enige woorde wat jy sê en nie bedoel nie, word

*(Vervolg op Bl. 2)*

*(Vervolg vanaf Bl. 1 - Uit die oorvloed ...)*
beskou as ydel woorde. 'n Ydel woord is enige woord wat jy nie bereid is om te steun, op te staan en met dit voort te gaan nie. God bedoel wat Hy sê, en, as Sy kinders, moet ons bedoel wat ons sê. Moenie ydel woorde gebruik nie. **Kol. 4:6: Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.**

Laat jou gesprek aangenaam wees, en pasop vir te veel praat! Ons almal ken mense wat nooit ophou praat nie – eintlik kan niemand 'n woord inkry nie. Vir ons eie onthalwe waarsku die Woord van die Here ons om NIE te veel te praat nie. **Spr. 10:19: By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie; maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig.** As jy aanhoudend praat, sal jy verseker die verkeerde ding sê. Ons lees in **Prediker 5:2: Want soos die droom kom deur baie drukte, so die gepraat van die dwaas deur baie woorde.** Die Woord sê vir ons dat 'n dwaas se stem geken word aan die menigte woorde wat hy spreek en 'n rustelose tong dui 'n rustelose gees aan.'n Persoon wat glad nie kan stilbly, is nie rustig nie, maak nie saak hoeveel hy of sy oor vrede, blydskap en liefde praat nie.

## KWAADSPREKERY

Die Woord waarsku ons ook teen die groot sonde om ons tong en mond te gebruik om te skinder en stories oor ander mense oor te dra – ongeag of dit waar of nie is nie! Dit is nie ons besigheid nie en is 'n gruwel vir die Here.

God HAAT dit en sê so in Sy Woord in **Spr. 6 :16-19: Hierdie ses dinge haat die HERE, en sewe is vir sy siel 'n gruwel: trotse oë, 'n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet, 'n hart wat onheilsplanne beraam, voete wat haastig na die kwaad toe loop, een wat as valse getuie leuens uitstrooi en tussen broers tweedrag saai.** Let op dat drie van hierdie dinge, wat vir die Here 'n gruwel is, na die tong verwys!! **Lev. 19:16: Jy mag nie as 'n kwaadspreker onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is die HERE.**

Moenie stories oor jou bure versprei nie. Soos ek reeds gesê het, dit mag nie waar wees nie, en selfs al is dit waar is dit nie jou besigheid om dit te versprei nie! 'n Storiedraer, is soos die Woord aandui, iemand wat stories oor ander mense rond vertel.

**Spr. 20:19: Wie met kwaadsprekery omgaan, maak 'n geheim openbaar; laat jou dus nie in met een wat sy lippe laat oopstaan nie.** 'n Storiedraer kom gewoonlik met vleiery soos bv. "Ek sal dit nie aan sommer enigeen vertel nie, maar ek weet dat ek jou kan vertrou om dit nie aan enig iemand anders oor te vertel nie." Deur 'n vleiery is jy gereed om die gif te ontvang wat hulle wil inspuit. **Spr. 29:5: 'n Man wat sy naaste vlei, sprei 'n net uit voor sy voetstappe.** Dawid het van die gepraat wat nie opregte, vleiende woorde gepraat het, maar sy vyande was.

Ons lees dit in **Psalm 12 :1-5 ... Red, O Here, want daar is geen vrome meer nie; want die getroues het verdwyn onder die mensekinders. Hulle praat leuens, die een met die ander; met vleiende lippe spreek hulle dubbelhartig. Mag die HERE al die vleiende lippe uitroei, die tong wat grootpraat, hulle wat sê: Met ons tong is ons sterk; ons lippe is met ons! Wie is heer oor ons?**

Ons word gewaarsku in **1 Pet. 4:15: Want niemand van julle moet ly as moordenaar of dief of kwaaddoener of as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei nie.**

Neem kennis van hierdie lys van sondaars wat praat van moordenaars en diewe, en sluit in dieselfde lys BEMOEISIEKES in. Die Here beskou 'n bemoeisieke onder die ergste! Iemand wat alles moet weet wat aangaan en wat elkeen se lewe wil bestuur! Paulus praat van sulke vroue in die kerk wanneer hy sê: **En tegelykertyd leer hulle ook om ledig by die huise rond te gaan; en nie alleen is hulle ledig nie, maar ook praatsiek en bemoeisiek, want hulle praat wat nie behoorlik is nie (1 Tim. 5:13).**

Wanneer iemand na jou kom om skindernuus te versprei wat onenigheid veroorsaak, moet ons nie na hulle luister nie, omdat as ons dit doen, ons skuldig raak aan die onenigheid wat hulle veroorsaak. Ons kan onmiddellik 'n einde aan die gif bring deur nie na hulle te luister nie! **Spr. 26:20: Deur gebrek aan hout gaan die vuur dood, en as daar geen kwaadstoker is nie, bedaar die twis.**

Waar daar nie hout is kan die skinder vuur nie brand nie en onenigheid moet ook iets hê om te brand. Onenigheid word van huis tot huis en van persoon tot persoon gedra en iewers agter die onenigheid is 'n persoon wat stories dra, ons moet nie daardie skuldige persoon wees nie.

Ons lees in **Spr. 6:19** dat leuens 'n gruwel vir die Here is, **... een wat as valse getuie leuens uitstrooi en tussen broers tweedrag saai.** En om leuens te vertel is verbind aan ons tong en mond! **Spr. 12:22: Valse lippe is vir die HERE 'n gruwel, maar Hy het 'n welbehae in die wat getrou handel.**

Weereens sien ons wat 'n gruwel lippe wat leuens vertel vir die Here is. Het jy geweet dat wanneer 'n persoon oor jou 'n leuen vertel het, dat hy jou daarna sal haat omdat hy dit gedoen het. **Spr. 26:28: 'n Valse tong haat die wat hy verbrysel het, en 'n gladde mond bewerk ondergang.** Die persoon wat oor jou leuens vertel het sal jou haat omdat hy dit gedoen het.

Jesus het vir ons gesê dat alle leuens van die duiwel self kom. **Joh. 8:44: Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mense moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is**

*(Vervolg op Bl. 3)*

*(Vervolg vanaf Bl. 2 - Uit die oorvloed .....)*

**en die vader daarvan.**

Elke keer as ons 'n leuen op ons lippe neem, neem ons iets van die duiwel! Oordink die feit vir 'n oomblik. Ons lees in **Open. 21:8: Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.** Volgens hierdie skrif is die finale bestemming van alle leuenaars die poel van vuur. Daar is egter altyd berou, en as jy God om vergifnis vra en jou weë verander sal die Here jou vergewe en die bloed van Jesus reinig ons van alle sonde. Halleluja! Daar sal geen leuenaars in die Nuwe Jerusalem wees nie.

**Openb. 22:15: Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.**

## DIE TONG IS OOK `N VUUR

Jy besluit! Die Woord van die Here sê vir ons dat wat ons met ons mond doen bepaal die rigting van ons lewe, en hierdie uiters belangrike en kosbare waarheid lees ons in **Spr. 13:3: Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy lippe wyd oopmaak, vir hom is daar ondergang.** Dieselfde waarheid word herhaal in **Spr. 21:23** wat ons waarsku om versigtig op ons tong te let en te bewaar (wat ons sê) want daardeur maak ons seker dat ons ons siel beskerm!

**Hy wat sy mond en sy tong bewaar, bewaar sy siel van benoudhede (Spr. 21:23).** Die Woord vertel aan jou hier dat jy jou siel uit die moeilikheid hou deur op jou mond en tong te let.

Baie Christene regverdig hulle "verspreiding van nuus" oor ander deur te verklaar dat dit vir "gebedsdoeleindes" is, maar in werklikheid soek hulle net eenvoudig die aandag van ander en vind dikwels hul identiteit in die soort gedrag. Die skrif het baie hieroor te sê in die boek van Jakobus. **Jak. 1:26: As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs.** As Christene moet ons regtig te alle tye aandag gee aan wat ons mond sê!!

**Jak. 3 :2-6: Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou. Kyk, ons sit stange in die perde se bekke, sodat hulle ons gehoorsaam kan wees, en ons stuur hulle hele liggaam daarmee. Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil. Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge—kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek.**

As jy jou tong kan beheer, is daar geen deel van jou liggaam wat jy nie kan beheer nie. As jy wil weet hoeveel selfbeheer jy het, kan jy dit waarskynlik baie akkuraat meet deur tot hoe 'n mate jy jou tong beheer. Wat in die mond is, soos met die perd se stang, beheer die hele liggaam. Die tong is die roer van jou lewe! Die gebruik van die roer bepaal die skip se bestemming. En die gebruik van jou tong bepaal die koers van jou lewe. Gebruik die roer reg, en jy kom veilig in die hawe, misbruik die roer en jy veroorsaak 'n skipbreuk, neem daarom 'n besluit om jou tong te beheer, omdat dit jou lewe beheer.

Die Woord sê vir ons dat die klein tong 'n groot vernietigende vuur kan begin! Dink net hoe 'n klein vuurhoutjie 'n vuur kan begin wat 'n hele gebou verteer. En die mens se tong begin vure wat huise en kerke en gemeenskappe en nasies afbrand. Een klein vuurtjie. Oorloë begin met woorde, dink daaraan! God se Woord vertel vir ons dat die tong ons hele liggaam besoedel. Met ander woorde, jy kan nie 'n skoon liggaam hê as jy 'n vuil tong het nie, en die feit alleen behoort aan ons 'n ware vrees vir die Here te gee. Lees wat die Woord sê in **Ps. 34 :12-14: Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die HERE leer. Wie is die man wat lus het in die lewe, wat dae liefhet om die goeie te sien? Bewaar jou tong vir wat verkeerd is, en jou lippe dat hulle geen bedrog spreek nie.**

Volgens hierdie skrif, is die grootste struikelblok vir ons om 'n goeie en lang lewe te hê die misbruik van ons tong. Negatiewe woorde wat uit ons hart kom, bemoeilik ons lewens en produseer net dood en vernietiging.

Ek het baie mense die volgende dinge hoor sê: " Ek is nie by magte nie, ek slaag nooit, niks goeds gebeur ooit met my nie, ek het geen geloof nie, die huurgeld sal nooit betyds aankom nie, ek glo dat ek 'n operasie sal moet ondergaan" en so aan. Vir die mens klink die woorde aanvaarbaar, maar hulle is vir God onaanvaarbaar. Dok James het as mediese dokter, mense hoor sê: "My vader is aan 'n hartaanval dood dus sal ek waarskynlik op dieselfde manier gaan ". Ek weet watter invloed woorde op mense kan hê, en hoe vernietigend hulle kan wees. Byvoorbeeld, nadat hy met 'n stetoskoop na die hart van 'n volkome gesonde pasiënt geluister het, en hom gevra het: "Het jy as kind rumatiekkoors gehad, of is daar 'n geskiedenis van hartsiekte in jou familie?" – sal hy onmiddellik vreesbevange raak en begin om die ergste te glo! Hy mag selfs begin om simptome in sy gedagtes te ontwikkel en daaraan toegee, alhoewel hy volkome gesond is en sy hart heeltemal normaal is. Alles as gevolg van die dokter se woorde. Dieselfde reaksie sou plaasvind as `n negatiewe opmerking gemaak word nadat die bloeddruk van 'n persoon geneem sou word wie se bloeddruk volkome normaal is. Woorde kan vernietig, en ek is seker dat jy nou my punt kan insien aangaande die mag wat woorde

*(Vervolg of Bl. 4)*

oor ons lewens het! Ons moet God se Woord te alle tye oor ons situasies spreek. Sy Woord is Gees en is Lewe **(Joh. 6:63).**

Ons werklike probleem is in die hart soos **Matt. 12 :33-34** ons vertel. **Julle moet òf die boom goed maak en sy vrugte goed, òf julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken. Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond (12 :33-34).**

Die hart is die boom, die mond is die vrug. As dit slegte vrugte is, moet dit 'n slegte boom wees. 'n Goeie boom kan nie slegte vrugte voortbring nie. Jakobus bevestig dit in **Jak. 3 :10-12: Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie.** Daar vergelyk hy weer die hart met die boom en die woorde wat uit ons mond kom, met die vrug. Die boom word aan sy vrug geken. **Spr**. **18:21 Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.** Dood of lewe. Ons moet die vrug van ons eie tong eet. Goed of sleg, ons eet dit. **Spr. 4 :23-24: Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe. Verwyder van jou die valsheid van mond, en hou ver van jou af die verkeerdheid van lippe.** Hou jou hart met alle ywer omdat alles wat uit jou mond kom, uit die hart is. Jy kan nie met jou mond deel tensy jy nie eers met jou hart gedeel het nie, en daarom is die mond so belangrik, omdat dit die barometer is van wat in jou hart is.

Slegte woorde is sonde! As jy verkeerd praat sondig jy. Wanneer ons besef dat dit sonde is en moet ons met dit deel in plaas van verskonings maak, dit ligtelik hanteer en probeer om dit te regverdig, sal daar geen verandering in ons wees nie. As ons egter berou daaroor het en om vergifnis vra, sal die Here ons vergewe. **1 Joh. 1:9: As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig**. Maar ons moet by die plek kom waar ons dit bely as 'n sonde sodat God ons kan vergewe en reinig. **1 Joh. 1:7: Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.** God het 'n kuur vir die probleme van die tong, maar voordat ons dit nie herken en berou het en God om vergifnis en reiniging vra nie, aanvaar ons nie Sy oplossing nie. Ons moet nie toelaat dat die duiwel oor ons tong heers nie! Daar is 'n besluit wat geneem moet word dat dit die tyd is om jou voet neer te sit. Die duiwel weet wanneer ons nee sê en dit bedoel! **Rom. 6 :12-13: Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.**

Sê vir die duiwel dat hy nie jou hande, voete en veral jou tong kan hê nie. Jesus het dit deur Sy Bloed bevry. Sê, Satan, ek gaan nie toelaat dat jy my tong beheer nie. Gee jou tong aan God om 'n instrument van geregtigheid tot Sy eer te wees. God het jou lippe opsy gesit vir Homself.

## MY TONG SAL U PRYS

Weet jy waarom God jou die vermoë gegee het om te praat, en waarom Hy 'n tong in jou mond gesit het? **Psalm 16:9: Daarom is my hart bly en my EER juig; ook sal my vlees in veiligheid woon**. Hierdie Psalm word herhaal in **Hand : 2:26: Daarom is my hart bly en my TONG juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop.** My TONG was bly! Ons kan dus aflei dat my TONG my EER is. Waarom is jou tong jou eer? Omdat dit aan jou vir een doel gegee is, en dit is om God te verheerlik! Met jou tong, **bo** al jou ander lede, het jy die voorreg om God te verheerlik. **Ps. 30 :12-13: U het my weeklag vir my verander in 'n koordans, U het my roukleed losgemaak en my met vreugde omgord; sodat my EER U kan besing en nie swyg nie. HERE, my God, vir ewig sal ek U loof.**

God wil hê dat ons Hom moet prys vir wat Hy vir ons gedoen het. **Psalm 57 :8-9: My hart is gerus, O God, my hart is gerus; ek wil sing en psalmsing. Waak op, my EER! Waak op, harp en siter ! Ek wil die dageraad wakker maak!**

Maak my EER wakker, ek wil sing! Word wakker musiekinstrumente en word wakker my TONG sodat ons die Here kan prys. **Psalm 108:2: My hart is gerus, o God! Ek wil sing en psalmsing, ja, ook my EER.** Ek sal sing met my EER! Waarmee sing ons? Ons TONG. Jou tong is jou eer en die Here het ons 'n tong gegee om te gebruik om met Hom te gesels en om Hom te verheerlik! Dit bly ons besluit of ons dit gaan doen of nie. **Ek wil die HERE altyd loof; sy lof sal altyddeur in my mond wees.** Dit is 'n persoonlike besluit! **Ps. 35:28: En my tong sal u geregtigheid prys, u lof die hele dag deur.**

My tong sal van U geregtigheid spreek en daarom is daar geen tyd vir skinder nie! **Ps. 63 :4 -6: Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys. Só sal ek U prys my lewe lank, in u Naam my hande ophef. Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe.** As gevolg van U liefdevolle goedheid, sal my lippe U prys. Moenie die Here NET in jou hart prys nie, doen dit ook met jou lippe en tong. Dit bring oorwinning. Ek sal van die vettigheid van die land lewe as ek werklik leer om die Here te prys volgens hierdie Psalm. ···

# A Heart of Forgiveness

Unforgiveness is without doubt the main reason for unanswered prayer. Jesus when teaching His disciples how to pray (the Lord's prayer) in the book of Matthew chapter 6, says in verse 12: "**And forgive us our debts, as we forgive our debtors."** Jesus taught His followers that forgiveness was imperative when we pray. In verses 14 and 15 of Matthew chapter 6, He goes on to say: **For if you forgive men their trespasses, your Heavenly Father will also forgive you. But if you do not forgive men their trespasses, neither will your Father forgive your trespasses.** Forgiveness is essential in our relationship with our Heavenly Father, in fact you cannot have a good relationship with your Heavenly Father and a bad relationship with others.

Forgiveness frees us, and it is the only way we become liberated from the fetters and chains we create for ourselves. Forgiveness releases us from the pain and penalty of sin. Forgiveness gives a fresh start, another chance and a new beginning. Forgiveness is the cancelling of a debt. It removes resentment and deals with hatred, and its power breaks the prison of bitterness. Forgiveness brings peace and joy in the home, to the marriage and work place. Forgiveness results in spiritual, physical and mental health for the one who forgives. It frees our soul and cleanses us from sin. Doctors have confirmed that unforgiveness and bitterness can cause ulcers, sleeplessness, high blood pressure leading to strokes, heart diseases and mental torment. Surely this is reason enough for us to want to free ourselves from all form of resentment and hate.

God has created man with a free will, which enables him to make choices. When we choose to live by God's biblical principles, each choice we make leads to life. When however, we choose not to respond to God's instructions in His Word, this will lead to death. He says in His Word in Deut. 30 verse 19: **Today I have set before you life and death, blessing and cursing; therefore choose life....** When we decide to obey God, we are actually, in fact "choosing life". Forgiveness is a choice, you can choose to forgive, regardless of feelings. The choice to forgive is a Kingdom principle, and will bring Kingdom rewards.

Forgiveness, you see, is not for the other person's benefit. It is for your benefit. If someone has hurt and wounded you, then for YOUR emotional healing, YOUR spiritual welfare and for YOUR future well being, forgive them and release them, and you will be free in the Name of Jesus because there is freedom in forgiveness.

Many people say that they just cannot forgive the person who has been the cause of such unhappiness in their life. I would say that this is a lie of the devil, because if God has commanded us in His Word to forgive if we have anything against someone, it must be possible. God would not require us to do something He knows we cannot do, this would be unreasonable and unfair. It is more likely that we do not WANT to forgive rather than we CANNOT forgive. No matter what deed was done to you, or who the one is who caused you the hurt, be it a husband, wife, father, mother, child, friend or brother or sister in Christ, it IS possible to forgive them once you have made up your mind to do so. The Lord will help you once you have made the right decision. You may not realise it, but by harbouring unforgiveness towards another person, you are actually involved in manipulation, which is a type of witchcraft. The bondage of unforgiveness is twofold, you bind yourself in the spirit to the person who has hurt you, by your refusal to forgive them. You unwittingly use it as a weapon of control over that person, and the bitterness, that multiplies in your spirit, finds it's expression by way of your mouth, which spews forth hate and poison, contaminating those around you. The only way you can stop this vicious circle is by choosing to forgive, and to forgive completely. It is God's will for your life.

It is because God is gracious and willing to forgive us that we, His children, should have the same attitude and readiness to forgive others. This is what He expects of us, because it is His nature, and when we are in Christ we have the nature of Jesus. The Bible tells us in Matt. 5:23-24: **Therefore if you bring your gift to the altar, and there remember that your brother has something against you, leave your gift there before the altar, and go your way. First be reconciled to your brother, and then come and offer your gift.** God will not receive an offering of a million rand from someone who is not walking in harmony with his brother, and once again the Lord is emphasising the importance of forgiveness and reconciliation before we come to Him with our prayer requests. In Mark 11:25-26 Jesus reminds us of this fact, saying: **And whenever you stand praying, if you have anything against anyone, forgive him, that your Father in heaven may also forgive you your trespasses. But if you do not forgive, neither will your Father in heaven forgive your trespasses.** It is so important to God that we should walk in the light of His Word, and we see in 1 John 1:6-7: **If we say that we have fellowship with Him, and walk in darkness, we lie and do not practice the truth. But if we walk in the light as He is in the light, we have fellowship with one another, and the blood of Jesus Christ His Son cleanses us from all sin.** You need to be reconciled to the one who has hurt you, and this is done by taking the initiative, and asking the Lord for wisdom as to how you can be instru-

mental in making right. He may tell you to go to the person and ask their forgiveness, even if you did not initiate the problem that exists between you. Whatever the Lord lays on your heart to do, do it as unto Him, and He will honour your desire to be obedient to what He is requiring of you. Do not justify or reason the unfairness of this instruction from God, remember that He knows what is best for you, and that is why He is requiring it of you, He wants you to be free and to regain His joy, peace and love in your heart. I have heard it said that by harbouring bitterness, unforgiveness and resentment towards someone is the same as if you were taking a bit of poison every day and hoping that the other person would die! How true this is.

The fact that God considers forgiveness of such importance is conveyed to us in Matt. 18:21-22. Peter asks Jesus how often you should forgive someone who sins against you. Peter suggested that it should be seven times because Hebrew tradition taught that you were a very special person if you were able to forgive someone seven times, who had sinned against you. Jesus then replied in verse 22: **I do not say to you, up to seven times, but up to seventy times seven.** That is 490 times! Here Jesus is teaching a Kingdom principle, and that principle is that He wants you to practice forgiving so often, that you will do it automatically, and it will eventually become a habit for your benefit. A habit which causes you not to keep a record of anyone's sin, not to try and manage anybody else's life, and not trying to be God's judge. You have become just as forgiving as He is.

In Matt. 18:21-35 the king represents Jesus Christ, and the first servant is you and me. The R60 million rand represents the enormous debt we as sinners, owe to God. If we consider the debt of our sin, all the wrong we have said and done, then we look at God's great forgiveness towards us, it is like a R60 million rand debt, which is impossible for us to repay. You and I do not deserve forgiveness, we actually deserve hell, but God, in His compassion has made it possible for our debt to be paid, through Jesus Christ at Calvary. He loves you and me so much, that He forgave our debt at Calvary when Jesus paid the price for us. Jesus was taken captive by brutal Roman soldiers in the Garden of Gethsemane, where He sweated drops of blood whilst making the decision to do His Father's will, which was to be crucified for your sins and mine. He was mocked and spat upon and they assaulted Him with their hands, sticks and reeds, saying: "prophesy who is hitting you." He was scourged with a cat of nine tails, which consisted of nine thongs of leather into which were woven pieces of bone, glass and metal. Thirty nine times nine furrows were ploughed on His back and chest, and the Bible tells us that His body looked like a ploughed field and that He was marred beyond recognition. Jesus was nailed to a cross, nails penetrating His wrists and ankles. He hung there for six hours, from midday to 3 o'clock when the sky turned black, and the curtain of the temple was torn from the top to the bottom. He bled and died for you and me, and the Bible tells us that by His wounds we received healing, and by His shed blood we received forgiveness of sin. At the point of His death, all of our sin, iniquity and filth was laid upon Jesus, and God could no longer look at His Son, because of our sin. Jesus cried out: "My God, My God, why hast Thou forsaken Me?" God could no longer look upon His Son, because your sin and mine separated them. The agony of Jesus being separated from His Father for the first time in His life caused Him the greatest pain He suffered upon that cross. (After this He was re-united with His Father when He called out: "it is finished and into Thy hands I commend My spirit".) Jesus was damned for our sins so that we might not be damned. He died that we might live, and this is the reason why we can be forgiven. Not because we are good or righteous, but because the sinless, spotless Lamb of God died in our place, and was our substitute. He was judged for our sins, so we do not have to be judged. He loved us so much that He cancelled our R60 million rand debt on the cross. Surely, having received such wonderful forgiveness and love, the least we can do is forgive those who have sinned against us. Read our book "The Lord's Table and Healing" available at the Centre.

God clearly tells us that if we refuse to forgive another, we hand ourselves to the tormentors through our bad choice. How many people have you kept in emotional bondage because of a past hurt that you refused to forgive, even though God has forgiven you through the death of His Son. How can you possibly defend and justify your rights and refuse to be reconciled to your brother? If you will not forgive, God will not forgive you, and you can be sure that you will suffer at the hands of the tormentors, and God will do nothing about it, because He made that promise to remind you.

By refusing to forgive someone is like sentencing yourself to living in an emotional hell. Resentment festers in your soul, and bitterness literally controls you like a raging cancer. The only solution is forgiveness. Forgiveness is the first step towards hope, happiness, healing and freedom, and I urge you to take this step. Remember that it is not what has happened to you that matters, but how you have reacted to it. You can get bitter, or you can get better, but when you let bitterness contaminate your soul, a death process begins, which can only be delivered by the peace of God that surpasses all understanding which comes through your willingness to forgive. Forgive and forget, and do it quickly, that you might be delivered out of the hands of the tormentor, and know the peace of Jesus.

There is no greater love that can be shown by anyone to another, than to forgive someone who does not deserve to be forgiven, for that is what Jesus did for you on the cross. Believers in Jesus are supposed to be full of the love of God, and yet we still retain resentment and irritation towards our closest friends and sometimes even family. Forgiveness is a demonstration of love. Love IS forgiveness. We

show the same love of Jesus when we pray what He prayed on the cross, "Father forgive them, for they know not what they do." God is love, and Satan is hate, and the Bible warns us in 1 John 3 verse 15: **Whoever hates his brother is a murderer, and you know that no murderer has eternal life abiding in him.**

We recall how the woman caught in adultery, according to John 8 verses 3 to 5, was brought to Jesus by the scribes and Pharisees, who said: **"Teacher, this woman was caught in adultery, in the very act. Now Moses, in the law, commanded us that such should be stoned. But what do You say?"** After saving her life, Jesus said **"Woman, where are those accusers of yours? Has no one condemned you?"** Then He added**, "Neither do I condemn you; Go sin no more" (verse. 11).** Forgiveness demands a change. When Jesus told her to go and sin no more, He expected her to change her behaviour. Forgiveness is not soppy, sentimental or mushy. Forgiveness is full of compassion, but requires a change in conduct, because without a change, it compromises the grace of God. If a husband asks his wife if she will you forgive him for committing adultery, her answer should be, "Yes, of course, but I want you to change. I love you, but through God's grace you must change." Grace is not a license to sin. Grace gives you the opportunity to confess your sin before the judgement of God comes to you. Confess your sins and be conformed into the image of Christ daily. Stop seeing how much you can live in sin under the protection of the grace of God. We need to repent of sin and live like Jesus.

Very often, when there is a physical problem, we need to deal with the spiritual cause, and the tormentors that come in through unforgiveness, are often that cause. Unforgiveness leads to resentment, resentment to bitterness, bitterness to hatred, and hatred to murder. Resentment destroys you, bitterness destroys you and hatred destroys you! Hate is self-destruction. Very often you resent someone, and he is completely unaware of it, happily living his life totally unconcerned and full of joy, whilst you are being eaten up inside, giving yourself headaches, ulcers and insomnia. How foolish can we be? Why let hate ruin your life? You may have a wounded spirit, and need someone to pray with you to free you of the cuts, bruises and grief in your spirit. Inner healing comes with forgiving those who have wounded you.

There may be some people who have through grief and sorrows, pains and trials developed resentment towards God. Even though the Bible tells us that God is not the author of our problems, sickness and grief, because He says: **"I am the God that Healeth thee",** there are those who are ignorant of this fact, and blame God for that which the devil has in fact done. We read in John 10 verse 10: **The thief (devil) cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: but I (Jesus) am come that they might have life, and that they might have it more abundantly.** There are still a lot of people who blame God for the destruction that has come into their lives, which has been caused by the devil, yet the Bible is very clear that Jesus came to do the will of His Father, and to bring abundant life to those who believe in Jesus. Sickness and death are most certainly the very opposite of abundant life. If, in ignorance you have unwittingly blamed God for tragedies in your life, you need to repent of your attitude towards God. Tell Him that you did not realise that He was not the cause of your hurt and grief, but that it was the enemy of your soul. Ask His forgiveness for blaming Him for the works of the enemy, and reaffirm that you know that He is a good God, and that all evil comes from Satan. Tell Him that you trust Him, and that you know that He will bring abundance to your life according to His purposes and His will for you, because you keep His commandments**.**

Let us be reminded of the necessity to forgive others. Firstly, if you do not forgive, you cannot be forgiven. **Mark 11:25.**
Forgiveness is essential in order for us to receive healing and deliverance. Forgiveness gives us the peace that passes all understanding, and removes guilt and fear. Forgiveness removes your enemies. Forgiveness heals broken marriages, families and friendships. You need to forgive others, because you never know when you, or a member of your family will need to be forgiven by another. What we sow we reap, and when we show mercy, God's Word tells us in Matt. 5 verse 7 we shall obtain mercy.
How do I forgive someone who has hurt me? If you want to be totally free and full of the love of Jesus – if you want to be healed spirit, mind and body, you need to forgive EVERYONE towards whom you feel any resentment at all! Ask the Father in the Name of Jesus to give you the names of those whom you need to forgive. Separate yourself from the hustle and bustle that surrounds you, and seek God's face in prayer. God's Holy Spirit will remind you of every- one who needs your forgiveness.

Pray specifically for each person God gives you, and choose to forgive, just as you have been forgiven, whether they deserve it or not. Take your time, and release each one individually. Then we need to pray God's blessing upon every person we have forgiven, and in doing so, we will know His healing and deliverance.

Isaiah 61 verse 1 speaks of Jesus and declares that He has come to bind up the brokenhearted, to proclaim liberty to the captives and the opening of the prison to them that are bound. He taught forgiveness, He practised forgiveness, He died for our forgiveness and there is now no excuse for YOU not to forgive! In doing so you will experience healing, peace of mind, and a new liberty and freedom you have yet to encounter, beyond your wildest dreams, because the pain past hurts and bad memories will cease to be. ···

# Uit Ons Kantoor

Geliefdes in Jesus,

Jesus het vir ons gesê: **"**Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin**" Joh. 16:33.**

Elke dag is ons nader aan die koms van ons Hemelse Bruidegom wat ons kom haal en neem na die Bruilofsfees van die Lam, ons raak bewus van die toenemende chaos wat ons omring in die wêreld. Wetteloosheid vier hoogty en korrupsie is algemeen. Vandag is daar 'n paniekerige vrees rondom ons en as jy nie versigtig is nie, gaan jy daarin vasgevang word. Dit is een ding om gevaar te herken, maar God wil nie hê dat jy daardeur oorweldig moet word nie. Jy moet dus monitor waarna jy luister, dink en sê. Die dissipels het 'n rots nodig gehad om op te staan in die aankomende storm. Jesus het hulle net vertel hoe sleg dinge in die wêreld sou raak en die hoeveelheid wat hulle sou ly. Hy het aangekondig dat Hy weggaan en vir hulle gesê dat Hy die Heilige Gees sou stuur om by hulle te wees. **Johannes hoofstuk 16** eindig met hierdie woorde: **"Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."** Maak nie saak wat die situasie is, Jesus is bokant dit. Maak nie saak watter beproewing jy in die gesig staar, Jesus sal jou daardeur bring, Hy sal jou beskerm. Alhoewel jy deur vrees en vreesbevanges omring word, sal jy Sy vrede hê. En daardie stabiliserende vrede sal jou versterk. Jesus het gesê dat Hy jou nooit sal verlaat of begewe nie en ons lees in **Jes. 41: 10: Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.** Ek wil jou in hierdie dae aanmoedig om moed te skep, om jou volle vertroue in die Here te plaas en nie toe te laat dat vrees jou verteer nie. Vader God is getrou en Hy is ons skuilplek en ons krag. Hy is jou Rots en jou Verlossing, Hy is jou verdediging daarom sal jy nie wankel nie **(Ps.62:2)**. Hou jou oë op die wolke, want die Here Jesus kom spoedig!

Ons dank ons Here vir julle en jul liefde, gebede en ondersteuning op elke manier, wat dit vir ons moontlik maak om so veel kosbare siele as wat ons kan vir Jesus te bereik in hierdie laaste dae.

Mag die Here julle seën en julle bewaar en Sy aangesig oor julle laat skyn en Sy vrede aan julle gee.

Baie liefde groete,

*Meg en die Gebedspan*

# UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

**U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U (Jes.26:3).**

Hierdie vers beteken nie dat ons 24 uur 'n dag oor Jesus moet dink nie, alhoewel dit 'n wonderlike ding sou wees om dit te kon doen, maar die woord "standvastige" beteken hier: "ondersteun/rus/help en steun op". Met ander woorde, wanneer ons in geloof op Jesus en Sy Woord gevestig is, kan ons volmaakte vrede hê. Ons is nie langer verward of in twyfel nie, twee toestande wat die vyand van ons siele lief is om te gebruik om "die mat onder ons voete uit te ruk!"

Wat het ons nodig om ons op te vestig? Wat gee ons hierdie vrede?

Die volkome sekerheid dat ons lewens veilig in Sy Hande is; dat Hy in beheer is, maak nie saak hoe chaoties dinge mag wees nie, want Hy het gesê: " Hy werk Alle dinge ten goede vir hulle wat Hom liefhet, dat niks ons uit Sy Hand kan ruk of ons van Hom of Sy liefde kan skei nie en dat ons finale bestemming verseker is!

Dan kan ons onder Sy Hand in en deur alle omsandighede rus en ophou wroeg ... Dus geliefdes, vandag is die dag om hierdie waarhede te oordink en sal jy vind dat vrede alle verstand te bowe gaan.

# KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

**Ons Bankbesonderhede : Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129**